

Saterdag 13 Mei

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-20

Fokusgedeelte: Kolossense 1:18; HK Sondag 21, Vraag 55

Die gemeenskap van die heiliges

Die belydenis van die heilige, algemene, Christelike kerk en die gemeenskap van die heiliges vorm saam in die Apostoliese Geloofsbelijdenis net een artikel. Die gemeenskap van die heiliges is in 'n sekere sin die binnekant, die intieme lewe van die kerk. Verder is die heiliges nie mense sonder sonde nie, maar sondaars wat in die bloed van Christus gewas is en deur die Heilige Gees geheilig is.

Die gemeenskap van die heiliges word soms eensydig verstaan asof dit *alleen* beteken dat ons na mekaar se geestelike en stoflike belange moet om-sien. Nou is dit wel iets wat daaronder verstaan moet word, maar eers in die *tweede plek*. In die *eerste plek* moet ons daaronder verstaan dat die gelowiges met Christus gemeenskap het en aan al sy skatte en gawes deel kry. Die gemeenskap van die heiliges as band tussen gelowiges kan alleen bestaan as ons waarlik deur die geloof aan Christus gebind is. Daar kan alleen 'n gemeenskap tussen gelowiges wees as ons werklik gelowiges in Christus is. In hierdie verband is Paulus se uitspraak dat Christus die hoof van die kerk as sy liggaam is (Kol. 1:18; vgl. 1 Kor. 12:27), baie belangrik. As die onderskeie lede van die liggaam nie aan die kop verbind is nie, kan hulle ook vir mekaar niks beteken nie. Dit geld ook vir die kerk as die lidmate nie werklik deur die geloof aan Christus as hoof verbind is nie.

Daar word dikwels gekla dat die gemeenskap van die heiliges, in die sin van die gelowiges se verhouding tot mekaar, nie tot sy reg kom nie. En in baie gevalle is die klag gegrond. Die vraag is egter of ons die fout op die regte plek soek. Ons sê dan aan lidmate: Stel belang in mekaar; gee om vir mekaar; deel in mekaar se vreugde en smart. Maar is dit nie net “lapwerk” waarmee ons probeer om die saak aan die buitekant reg te stel en mooi te hou, terwyl dit aan die binnekant nie reg is nie? Christus sê: “As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is” (Joh. 13:35). In hulle liefde vir mekaar sal geopenbaar word dat hulle aan Christus behoort. As hulle nie deur die geloof aan Christus gebind is nie, kan daar ook geen ware Christelike liefde teenoor mekaar wees nie – al sou hulle ook hulpvaardig en vriendelik teenoor mekaar wees.

Dit moet ons weet: As ons liefdes- en geloofsgemeenskap met Christus kwyn, sal ons liefdes- en geloofsgemeenskap met mekaar ook kwyn.